Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

**NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**SEPTEMBER 2024**

# AFRIKAANS HUISTAAL V3

**PUNTE:** **100**

**TYD:** **3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

**Fontgrootte: 18**

# INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (50) |
| AFDELING B: | Langer Transaksionele Tekste (2 x 25) | (50) |

2. Beantwoord EEN vraag in AFDELING A en TWEE vrae in AFDELING B.

3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

5. Jy moet jou werk beplan (bv. deur ŉ breinkaart/ diagram/vloeidiagram/kernwoorde te gebruik), taalversorg en proeflees. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word en daarna netjies deurgehaal word.

7. Jy moet jou tyd soos volg bestee:

   AFDELING A: ongeveer 100 minute
   AFDELING B: ongeveer 80 (2 x 40) minute

8. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem wanneer die woorde getel word NIE.

10. Skryf netjies en leesbaar.

# AFDELING A: OPSTEL

## VRAAG 1

Kies EEN van die volgende onderwerpe/prente en skryf ŉ OPSTEL van 400 tot 450 woorde. Skryf die nommer en die titel/opskrif van jou opstel neer.

1.1 **Skielik word alles om my donker ...** **[50]**

1.2 Graad 12: die jaar van keuses. **[50]**


1.3 *Is dit vir die jeug noodsaaklik om te stem?* **[50]**

1.4 "Haai Sonneblom, ek wag vir jou op die horison. Mag dit lank vat voor jy agterkom hoe mooi jy skyn, my sonneblom." – Droomsindroom **[50]**

1.5 Die belangrikste les wat ek geleer het. **[50]**

Bestudeer die prente hieronder en op die volgende bladsy en skryf 'n OPSTEL oor EEN. Skryf die vraagnommer (1.6, 1.7 OF 1.8) en jou eie titel neer.

1.6



[Bron: www.vhv.rs.com] **[50]**

1.7



[Bron: https://za.pinterest.com] **[50]**

1.8



[Bron: https://www.shutterstock.com] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

# AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE

## VRAAG 2

Kies TWEE van die volgende onderwerpe en skryf 180 tot 200 woorde oor elkeen.
Skryf die nommer en die titel/opskrif van die teks wat jy gekies het, neer.

2.1 **E-POS**

Jou beste vriend/vriendin het onlangs geëmigreer.

| | |
|---|---|
| Van | |
| Aan | |
| Onderwerp | |
| Boodskap: | |

Gebruik bostaande formaat en stuur ŉ E-POS aan hom/haar waarin jy hom/haar probeer oorreed om terug te kom Suid-Afrika toe. Maak ook in jou e-pos melding van wat Suid-Afrika alles vir hom/haar kan bied. **[25]**

Kopiereg voorbehou

## 2.2 FORMELE BRIEF

Jy is deur ŉ bekende maatskappy as die ontvanger van ŉ studiebeurs aangewys.

Skryf ŉ BEDANKINGSBRIEF aan die maatskappy waarin jy hulle vir die beurs bedank en oor jou studieplanne inlig. **[25]**

## 2.3 HULDEBLYK

Jou gunstelingonderwyser is skielik oorlede.

Skryf ŉ HULDEBLYK oor hierdie onderwyser wat jy tydens die gedenkdiens by die skool gaan lewer. **[25]**

## 2.4 INFORMELE VERSLAG

Jy was deel van die reëlingskomitee vir ŉ fondsinsamelingsfunksie by jou skool.

Skryf na afloop van die funksie ŉ VERSLAG vir die beheerliggaam. **[25]**

## 2.5 ONDERHOUD

Jou skool het ŉ nuwe skoolhoof wat veranderinge by die skool wil maak.

Voer ŉ ONDERHOUD met hom/haar vir die skoolkoerant oor sy/haar planne vir die skool. **[25]**

## 2.6 INFORMELE TOESPRAAK

Jy is gevra om ŉ toespraak met die volgende opskrif vir jou gemeenskap se jeug te lewer:

**Jy is goed genoeg.**

Skryf die TOESPRAAK. **[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou